## Die einde van die gekruisigde roofmoordenaars.

**132** Binne `n halfuur was ons al weer op Gólgotha en tref daar, behalwe die bewakers, byna niemand aan nie. Maar die sewe bied `n ontsettende gesig. Daarmee bedoel ek nie soseer die sewe halfdooies wat verskriklik lyk nie, maar veeleer hul siele, wat nog nie van hul liggame geskei was nie, en baie moeite doen om self die liggame te vernietig en te verskeur. Hierdie swart tiers, wat oor hul liggaam donker, bloedrooi strepe het, slaan met hul kloue in hul liggame, en byt daaraan vas, maar die nog lewende senuweestelsel van die liggame gee `n pynlike reaksie, want na elke byt in die liggaam vertrek hul gesig van pyn, en lê hulle hul pote dadelik op die plek wat ooreenkom met die plek waar hulle in hul halfdooie liggaam gebyt het.

[2] Hierdie vreeslike handelswyse bekyk ons byna `n uur lank en ek moes my vader steeds vertel wat ek by die sewe sien. Dit merk die Romeinse wagmeester egter op, wat my waarneming wat voortdurend gewissel het, al lankal heel opmerksaam moes dopgehou het. Hy kom na ons toe en vra in die Romeinse taal aan ons albei wat ons tog aan die sewe sien, omdat ons, en ek veral, hulle so deurlopend dophou, en ek vir my vader altyd iets het om mee te deel. Ons moes in sy taal antwoord gee omdat hy ons andersins sou moes wegstuur.

[3] My vader praat Grieks met hom, waarin hy hom makliker kon uitdruk as in Latyn, hoewel ons altwee ook Latyn baie goed ken, want in Jerusalem moes mens reeds as seun drie tale ken as mens met die talle buitelanders wou gesels. Hy lê aan die wagmeester uit dat hy `n geneesheer is en hier met my, sy seun en terselfdertyd sy leerling, waarnemings doen op die gebied van die leer van die siektes en die sielkunde en dat hy my aanspoor om goed op alle simptome te let en terselfdertyd ook die een en ander verklaar volgens die leer van Hippokrates.

[4] Vir die wagmeester, wat `n weetgierige mens was, geval dit wel, slegs versoek hy my vader om die uitleg aan my in Grieks te gee, sodat hy ook iets daarvan sou kon leer. Toe sit ons in die knyp! Want dat my vader my daarby iets uitgelê het, was maar `n uitvlug om die wagmeester gerus te stel, omdat ek juis my vader oor dit wat ek geestelik gesien het, dinge meegedeel het wat beslis van die aard was dat die wagmeester ons daaroor in ons gesig sou moes uitlag as hy dit hoor. Wat moes ons nou doen? Ons was albei radeloos!

[5] Maar nou sien ek `n gees raak wat op daardie oomblik op `n wolk staan en uit die lug na benede kom en in sy regterhand `n groot blinkende swaard dra. ‘Wat gaan hy hier doen?', het ek gedink. Die wagmeester merk egter my gerigte, ondersoekende blik en vra my dadelik of ek dalk iets besonders sien. En ek antwoord hom op my toe gebruiklike manier bietjie kortaf en ietwat nors: ‘Seker, maar al sou ek u dit vertel, dan sou u my tog nie glo nie!’

[6] Die wagmeester wou my toe nog meer vra, maar omdat dit op daardie oomblik al aand begin word het en daar van Cornelius `n bevel was om, volgens Romeinse gebruik, met byle die bene van die sewe by die voete te breek en, as daar nog een leef, hom met `n hou op die kop en `n hou teen die bors te dood, moes onse wagmeester hom weer streng aan sy bevele hou en word ons nie weer gehinder met ons waarnemings nie.

[7] Ek kyk toe net na die groot gees wat `n donker, hemelsblou, geplooide gewaad dra, om te sien wat hy in hierdie geval sou doen. Luister! Toe die beenbrekers op die bevel wag om die sewe se bene stukkend te slaan en om die een wat nog lewe met die genoemde houe die genadeslag te gee, hef die magtige gees sy swaard op en slaan die drade middeldeur waarmee die swart tiersiele nog aan die liggame vassit.

[8] Toe hierdie verskriklike siele heeltemal vry was van hul liggame, kry hulle opeens `n ietwat mensliker uiterlike, loop op hul agterpote rond, maar maak geen geluid nie en hulle lyk baie treurig en lydend en die gees sê soos volg op barse toon aan hulle: 'Verwyder julle na die plek van julle boosaardige liefde; dit sal julle aantrek! Julle kry loon volgens julle werke!' Maar die sewe siele skreeu: 'As ons verdoem moet wees, dan sou daar nog altyd tyd daarvoor wees! Waarom moes ons onsself dan laat martel as die ewige verdoemenis nou hier op ons wag?!'

[9] Die groot, magtige gees sê: ‘Alles was en is nog afhanklik van julle liefde! Rig dit volgens die orde van JaHWeH wat aan julle bekend is, dan sal julle jul eie verlosser wees; maar behalwe julle kan niemand in Elohim se hele oneindigheid julle verlos nie! Dit is julle lewe en ook julle liefde; as julle jul liefde kan verander, dan sal dit ook julle hele lewe en bestaan verander! En gaan nou weg!’

[10] Na hierdie streng woorde van die groot en magtige gees, gaan die sewe onder ontsettende gebrul so vinnig moontlik vandaar af weg; ek was egter so vrymoedig om die groot gees te vra hoe dit dan later met die sewe sou afloop,

[11] En die gees verhef hom weer en sê maar net: ‘Dit hang af van hulle eie wil! By hulle lê dit nie by die opvoeding nie, nie by die kennis nie en hulle was ook nie besete nie - behalwe dan deur hul eie bose wil. Die ongediertes wat jy uit hulle sien kom het tydens die ondergaan van hul straf en by hul geséling, was geen vreemde demone nie, maar slegs produkte en uitgroeisels van hul eie bose wil. Daarom is hierdie straf regverdig, want dit betref sewe volslae duiwels waarvoor daar op hierdie wêreld geen les, geen woord en geen verbetering was nie! Maar hier by ons, waar alles openbaar word, sal hul lot so wees as wat hulle self wil dat dit word deur hulle liefde. Dit sal hulle hier nie aan geleenthede ontbreek nie, ook al is dit slegs skynbaar daar, om hul kragte te beproef in nog meer kwaads of egter ook in iets beters. Verstaan dit, jongeling, en lê dit ook uit aan jou vader wat nie die gawe ontvang het om dit te sien nie!’

[12] Na hierdie betekenisvolle woorde verdwyn die groot en magtige gees en die beenbrekers begin met hul werk. By vyf loop daar geen bloed meer uit die wyd gapende wonde nie, maar by die twee laastes was dit nog wel die geval. Aan hulle gee die mense dan ook dadelik die vasgestelde genadeslae, wat egter totaal oorbodige moeite en werk was, want as die goeie of slegte siel eenmaal uit die liggaam is, is die liggaam beslis al volkome dood.

[13] Na hierdie nie bepaald uitnodigend mooie handeling nie, gaan die skerpregters huis toe terwyl die lyke ter verdere vernietiging oorgelewer word aan die lyksbesorger en sy knegte. Die wyse van vernietiging was verskillend en is dit nog, maar die lyke mag nie begrawe word nie. Gewoonlik word hulle verbrand deur middel van die vervloekte hout, of gekook in vervloekte water en daarna as prooi vir die wilde diere gegooi. Die wilde, verskeurende diere wat daarvan vreet, vrek meestal.

Daarom kook die lyksbesorger dergelike lyke meestal in die vervloekte water, waarna hy hulle dan ter verdelging van wolwe, hiëna's, bere en jakkalse in die wye omtrek baie goed kon verkoop en daar baie geld voor kry.
[14] Dit, o Meester, dit is dan weer `n klein verhaaltjie uit my jeug, waarvan dit vir my alles wel duidelik is, behalwe die gestalte van die siele, wat heeltemal nie soos dié van `n mens lyk nie en al daardie ontelbaar talle ongediertes wat ek in die vorm van vlermuise en klein drake uit die skurkagtige mense sien kom het. Die groot gees gee my weliswaar in dié rigting `n uitleg deur te sê dat dit slegs uitwasse van die bose wil was, maar hoe dit werk, is `n heel ander vraag wat buiten U, o Meester, definitief niemand sal beantwoord en uitlê nie! As U gewyde wil dit daarmee eens sou wees, sou U hierdie twee sake wel aan ons kon uitlê!"

## Die vorming van die siele van die roofmoordenaars

**133** Ek (**JaHshua**) sê: "Jy het jou verhaal oor dit wat jy self beleef het, heel goed vertel. Die dierlike vorming van die siele van die doelbewuste sewe groot misdadigers, vind sy oorsaak in `n sekere vrye ordening. Dit bestaan egter slegs daarin dat die spesifieke sieledeeltjies wat in `n liggaam werksaam is, hulle opnuut saamvoeg of van plek verwissel. Jy kan dit vergelyk met `n kluwe wurms wat almal deurmekaar krioel en kronkel en in `n sekere sin op soek is na `n steeds beter rusplekkie. Afhanklik van die wyse waarop hulle dit vind, op `n goeie of op `n slegte wyse, sal die uiterlike vorm altyd ooreenkom met iets goeds of iets slegs.
[2] Hier sien julle verskeie plante; daar `n geneeskragtige, daar `n giftige! Let nou by die dagheldere lig van ons ligbol op hul vorm! Sien eers hoe soepel, lieflik, sag en beskeie die vorm van die geneeskragtige plant is en hoe hoekig, geskeur en hier en daar ook verdag glad die vorm van die gifplant daarenteen uitsien, en tog bestaan beide soorte uit één en dieselfde oersubstansie, staan in dieselfde aarde, neem dieselfde dou op, presies dieselfde lug en dieselfde lig! En tog is in die geneeskragtige plant alles geneeskragtig en in die gifplant alles geheel en al gif! Die oorsaak lê slegs in die teenoorgesteldheid van die struktuur.
[3] Julle het immers gesien hoe daar uit die algeheel gelykvormige vuurtonge of rondswewende vuurslange, wat so klein is dat jy hulle met jou liggaamlike oë nie sou kon sien nie, `n volmaakte, gemoedelike esel ontstaan het. Glo julle dat daaruit, deur `n ander struktuur van die oersubstansies by die samevoeging tot `n voltooide organiese vorm, nie ewe goed `n tier, `n kameel, `n os of olifant of wat dan ook nog sou kon ontstaan het nie? O baie seker! En `n anders geordende samevoeging sou dan ook `n volkome ander aard en eienskap hê wat heel vyandig teenoor `n ander sou kon staan, omdat in elke anders georganiseerde, karakteristieke vorm voortdurend die begeerte oorheers en grotendeels ook bly, om al die ander en moontlik swakkere in sy eie struktuur te verander.
[4] Uit hierdie eienskap ontstaan die liefde, die innerlike warmte, die strewe, die begeerte, die honger en die dors. As hierdie begeerte, wat na heerssug lyk, so nou en dan te groot is en na te veel reik om dit in sy oorspronklike ordening onder te kry, dan word dit wat binnegebring is, dikwels te magtig, tas die aanwesige organiese ordening van die siel wat reeds eerste in die wese was, aan en trek dit in die eie ordening, wat goed of beter maar ook heel maklik sleg, slegter en uiteindelik selfs uiters sleg kan wees!
[5] Maar wat gebeur daardeur? Mathaël praat nou oor die siele van die misdadigers wat hy gesien het wat soos tiers gelyk het! Dit is `n gevolg van die siele-oersubstansies wat nie by hul eie ordening pas nie en te gulsig en te oormatig opgeneem word. Dit het vervolgens die siele in hulle eie oorslegtigheid verander en so van mensesiele egte tiersiele gemaak en op dieselfde wyse het ook al die ongediertes ontstaan wat jy in massas uit die angstige misdadigers sien kom het. Maar sê my nou almal of julle hierdie uiters ryke uitgebreide les wel deur en deur verstaan het!"
[6] Die meeste sê: "Ja, Meester, ons verstaan hierdie les in elk geval redelik; maar as ons ons daarop sou beroem om nou alles daarvan af te weet, dan sou ons `n onwaarheid praat. Uit die vorming van die eselin nou-net het ons wel waargeneem en gesien hoe uit die geestelike oersubstansies `n ding of `n wese ontstaan. Ons sien immers gewoonweg die gras groei en hoe `n eselin haarself in `n sekere sin vanself uit die vuurtonge geskape het. Ja, ons weet deur U goedheid en barmhartigheid selfs wat, wie en waarvandaan hierdie vuurtonge is en hoe hulle hulleself kon saamvoeg tot `n duidelik herkenbare idee en vorm. Ons besef baie goed dat hierdie tallose oergedagtes van U, waarvan die hele oneindigheid vol is, hoewel hulle uiterlik dieselfde lyk, op sigself tog baie verskillend is, ligter en swaarder na gelang hul doel hoër, ernstiger en deegliker is en dat aanmekaar verwante oergedagtes hulle ook die eerste saamvoeg en `n bepaalde orgaan begin vorm.
[7] Soos reeds gesê, dit alles verstaan ons nou baie goed; maar iets is daarby vir ons tog nog `n groot raaisel wat U, o Meester, as dit U sou pas en welgevallig sou wees, wel vir ons sou kon oplos. Ons almal hoef U beslis nie te vertel waaraan dit nog by ons ontbreek nie, want U ken al ons leemtes en sal dit sekerlik nog vul met U barmhartigheid as U dit noodsaaklik vind! Mag dit vir ons van nie so `n groot belang wees nie, dan is ons ook met dit wat ons besit en verstaan meer as tevrede."
[8] **Ek** sê: "Om die geheim van die ryk van Elohim in alle diepte der dieptes te verstaan, moet julle almal eers in die gees wedergebore wees, wat vir julle nou nog onmoontlik is. Eers as die Menseseun daarheen teruggekeer het vanwaar Hy gekom het, sal Hy die Gees van alle Waarheid, wat heilig is, na julle stuur; Sy sal julle eers volledig opwek en julle harte vervolmaak en die Gees van alle Waarheid in julle opwek, dit wil sê in die hart van julle siel, en julle sal deur dié daad dan wedergebore wees in die Gees en alles wat die hemele in hul dieptes bevat in die helderste lig sien en begryp.
[9] Dit wat Ek julle nou laat sien en aan julle uitlê, is net `n voorbereiding op dit wat die Gees julle oorvloedig sal gee. Ek sou vir julle egter nog uiters baie te sê hê, maar julle sou dit nou nie kon verdra nie; wanneer die Gees van die Waarheid egter sal kom, sal Sy julle binnevaar en begelei in alle wysheid! Laat ons, noudat julle dít weet, op hierdie plek dadelik weer aan `n belangrike en verdere voorbereiding begin, en onse Mathaël met sy talle ervaringe sal ons `n ander verhaal uit sy belewenisse vertel.
[10] Mathaël, doen dus weer jou werk en vertel ons die verhaal van wat jy in Bethanië gesien en meegemaak het! Ons het nog vier uur tot sonsopgang en kan daarom nog baie te wete kom en as't ware meeleef, en jy Mathaël, kan nou dadelik met jou verhaal begin."